Kuns SG V1

AFDELING A: DIGKUNS

Heelwat kandidate kon nie die verstegniese aspekte identifiseer nie. Die volgende aspekte behoort in die onderrig ernstig aandag te kry:

- die identifisering van alliterasie,
- die onderstreping van die allitererende klanke;
- om te verduidelik waarom ‘n beeld ‘n voorbeeld van personifikasie of metafoor is;
- watter twee dinge in ‘n vergelyking met mekaar vergelyk word;
- watter twee dinge ‘n teenstelling vorm en
- watter twee dinge progressie aandui.

AFDELING B: DRAMA

Die kontekstuele vrae is redelik goed beantwoord.

Wat die opsteltipe vrae betref, is daar ‘n groot leemte. Heelwat kandidate kan nie ‘n opsteltipe vraag beplan nie. Hulle flans losstaande idees saam en skryf herhaaldelik oor een aspek. Die aantal woorde word heeltemal geïgnoreer.

Kandidate wat goed gevaar het by die opsteltipe vrae oor die Drama is deeglik vertroud met die inhoud van die werke en kon hulle baie goed daaroor uitdruk.

AFDELING C: ROMAN

Die kontekstuele vrae is goed beantwoord. Die meeste kandidate is bedrewe in die formulering van korter tipe antwoorde.

Die opsteltipe vrae is verskriklik swak hanteer. Dit is belangrik dat kandidate die inhoud van die roman moet ken om sukses te behaal in die beantwoordeing van opsteltipe vrae.

Leerders behoort ook onderrig te word om die kernwoorde in ‘n opsteltipe vraag te onderstreep en daarvolgens te beplan. Daar behoort ook aandag gegee te word aan die skryf van ‘n treffende inleiding en slot.